Hierdie vasstelling is in die Republiek van Suid-Afrika, uitgesonderd die volgende gebiede, naamlik—

(*a*) die gebiede wat deur African Explosives and Chemical Industries, Limited, in die landdrosdistrikte Durban, Kempton Park en Somerset-Wes geokkupeer word;

(*b*) die gebied wat deur United Paints, Limited, in die landdrosdistrik Somerset-Wes geokkupeer word;

(*c*) die gebied wat deur S.A. Titan Products (Pty.), Limited, in die landdrosdistrik Durban geokkupeer word; en

(*d*) die landdrosdistrikte Johannesburg, Alberton, Germiston, Boksburg, Springs, Pretoria, dié gedeeltes van die landdrosdistrik Delmas wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 2881 van 12 Desember 1952 binne die landdrosdistrik Springs geval het en dié gedeeltes van die landdrosdistrik Kempton Park wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. 556 van 29 Maart 1956 binne die landdrosdistrikte Johannesburg, Germiston, Boksburg en Benoni geval het—

op alle werknemers in die Chemiese en Verwante Produktenywerheid en op die werkgewers van sodanige werknemers van toepassing: Met dien verstande dat dit nie van toepassing is nie op—

(i) bestuurders;

(ii) handelsreisigers wat uitsluitlik bestellings in Bantoegebiede, soos omskryf in subartikel (1) van artikel *een* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, vra, werf of aanvra;

(iii) werknemers op wie Loonvasstelling No. 174 vir die Kommersiële Distribusie- en Verversingsbedryf of Loonvastelling No. 223 vir die Kommersiële Distribusiebedryf, onderskeidelik by Goewermentskennisgewing No. 2069 van 9 November 1956 en Goewermentskennisgewing No. 639 van 8 September 1961 gepubliseer, van toepassing is.

2. WOORDOMSKRYWING

(1) Tensy die sinsverband anders aandui, het alle uitdrukkings wat in hierdie Vasstelling gebesig en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as in daardie Wet, en tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken—

„ambagsman" 'n werknemer wat werk doen wat in die reël deur 'n geskoolde ambagsman verrig word, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing beteken die uitdrukking „geskoolde ambagsman" iemand wat sy leertyd uitgedien het in 'n bedryf wat kragtens die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is of geag word aangewys te gewees het of wat in besit is van 'n vaardigheidsertifikaat deur die Registrateur van Vakleerlinge aan hom uitgereik ingevolge artikel *ses* van die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of 'n sertifikaat deur genoemde Registrateur ingevolge òf artikel *twee* (7) òf artikel *sewe* (3) van gemelde Wet aan hom uitgereik;

„assistent-voorman" 'n werknemer wat onder die algemene toesig van 'n voorman enigeen van die pligte van 'n voorman verrig en wat tydens sy afwesigheid in sy plek kan waarneem;

„motorchemikalieë" remvloeistof, skokbrekerolies of -vloeistowwe, koppelaarmengsels, rubberharpsmeermiddels, verkoelerpreparate, vriesweermengsels, motorpolitoere of -skoonmaakmiddels, vryfmengsels, ghriesverwyderingsmiddels, roesverwyderingsmiddels, soldeervloeistowwe, dryfbandsmeersels (d.w.s. mengsels wat aan dryfbande gesmeer word sodat hulle nie kan gly nie) of mengsels vir gebruik in sweiswerk;

„stoomketelbediener" 'n werknemer wat onder algemene toesig die waterpeil en stoomdruk in 'n stoomketel in stand hou, wat die vuur in so 'n stoomketel in stand hou en wat die vuur in so 'n stoomketel kan maak, stook of daaruit kan haal;

„los werknemer" 'n werknemer wat op hoogstens drie dae in 'n week by dieselfde werknemer in diens is;

„onderbaas" 'n werknemer in beheer van 'n groep arbeiders;

„chauffeur" 'n werknemer wat 'n voertuig bestuur wat vir die vervoer van passasiers bedoel is en wat vir die vervoer van sy werkgewer of van personeel, klante of besoekers gebruik word en waarmee ook dokumente of pakkette wat nie die produkte van die bedryfsinrigting bevat nie, vervoer mag word, uitgesonderd waar sulke produkte as monsters gebruik word of bedoel is om daarvoor gebruik te word;

„Chemiese en Verwante Produkte-nywerheid" die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings wat geregistreer is of aan registrasie onderworpe is ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, met die doel om een of meer van die volgende werksaamhede te verrig, naamlik die bereiding, vervaardiging, bottel, toedraai of verpakking van—

(*a*) geneeskundige preparate vir menslike of dierlike gebruik, kiemwerende middels, reukverdrywers, ontsmettingsmiddels, insekgif, farmaseutiese preparate, blousel, bytsoda of chemiese produkte vir fotografiese doeleindes;

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION A OF THE WAGE BOARD.

CHEMICAL AND ALLIED PRODUCTS INDUSTRY.— REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

1. AREA AND SCOPE OF THE DETERMINATION

This Determination shall apply in the Republic of South Africa excluding the following areas:—

(*a*) The areas occupied by African Explosives and Chemical Industries, Limited, in the magisterial districts of Durban, Kempton Park and Somerset West;

(*b*) the area occupied by United Paints, Limited, in the magisterial district of Somerset West;

(*c*) the area occupied by S.A. Titan Products (Pty.), Limited, in the magisterial district of Durban; and

(*d*) the magisterial districts of Johannesburg, Alberton, Germiston, Boksburg, Springs, Pretoria, those portions of the magisterial district of Delmas which, prior to the publication of Government Notice No. 2881 of the 12th December, 1952, fell within the magisterial district of Springs and those portions of the magisterial district of Kempton Park which, prior to the publication of Government Notice No. 556 of the 29th March, 1956, fell within the magisterial districts of Johannesburg, Germiston, Boksburg and Benoni;

to all employees in the Chemical and Allied Products Industry and to the employers of such employees: Provided that it shall not apply to—

(i) managers;

(ii) travellers, who are exclusively engaged in inviting, canvassing or soliciting orders in Native areas as defined in sub-section (1) of section one of the Industrial Concilliation Act, 1956;

(iii) employees to whom Wage Determination No. 174 for the Commercial Distributive and Catering Trades or Wage Determination No. 223 for the Commercial Distributive Trade (published under Government Notice No. 2069 of the 9th November, 1956, and Government Notice No. 639 of the 8th September, 1961, respectively) applies.

2. DEFINITIONS

(1) Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this Determination and which is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

"artisan" means an employee who is engaged in work normally performed by a skilled artisan and for the purpose of this definition the expression "skilled artisan" means a person who has served his apprenticeship in a trade designated or deemed to have been designated under the Apprenticeship Act, 1944, or who holds a certificate of proficiency issued to him by the Registrar of Apprenticeship in terms of section *six* of the Training of Artisans Act, 1951, or a certificate issued to him by the said Registrar in terms of either section *two* (7) or section *seven* (3) of the said Act;

"assistant foreman" means an employee who, under the general supervision of a foreman, performs any of the duties of a foreman and who may act for him during his absence;

"automotive chemicals" means brake fluid, shock absorber oils or fluids, clutch compounds, rubber shackle lubricants, radiator preparations, anti-freeze mixtures, car polishes or cleaners, rubbing compounds, degreasing agents, rust removing compounds, soldering fluids, belt dressing compounds (i.e. compounds rubbed on belts to prevent them from slipping) or compounds for use in welding;

"boiler attendant" means an employee who, under general supervision, maintains the water level and steam pressure in a boiler and who may make, maintain and draw the fire in such boiler;

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

"chargehand" means an employee who is in charge of a group of labourers;

"chauffeur" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle which is intended to carry passengers and used for the conveyance of his employer or of staff, clients or visitors and which may be used for the conveyance of documents or parcels not containing the products of the establishment, except where such products are used or intended for use as samples;

"Chemical and Allied Products Industry" means the industry in which employers and employees are associated in establishments which are registered or liable for registration, in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, for the purpose of carrying on any one or more of the following activities, namely, the preparation, manufacture, bottling, wrapping or packing of—

(*a*) medicinal preparations for human or animal uses, antiseptics, deodorants, disinfectants, insecticides, pharmaceutical preparations, washing blue, caustic soda or chemical products for photographic purposes;

(*b*) toiletpreparate, skoonheidsmiddels, parfuum of reukwater;

(*c*) bakpoeier, bestanddele van bakpoeier, gis, stysel (met inbegrip van verwerkte stysel), gelatien, geurmiddels, ekstrakte, kleurmiddels vir voedselware of asyn;

(*d*) verf, pigmente, distempers, lakvernisse, vernisse, afwerkvernisse, onderlaagstryksels, wasse, politoere, stopverf, verdunmiddels, emaljes, dubbin of drukkersink;

(*e*) kantoorlym, gom of skryfink;

(*f*) nywerheidsalkohol, gerektifiseerde of absolute alkohol, brandspiritus, bensien, eter of ammoniak;

(*g*) kleefmiddels (uitgesonderd rubberlym) of verseëlmiddels;

(*h*) enige motorchemikalieë;

en omvat dit ook—

(i) die aflewering, distribusie of verkoop vanuit enige perseel van watter aard ook al van enigeen of meer van die produkte genoem in paragrawe (*a*) tot (*h*) hierbo, indien sodanige aflewering, distribusie of verkoop onderneem word deur dieselfde werkgewer wat sodanige produkte berei, vervaardig, gebottel, toegedraai of verpak het;

(ii) alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit;

maar dit omvat nie die werksaamhede nie gespesifiseer in die woordomskrywing van „Chemikalieënywerheid" soos vervat in die Nywerheidsraadooreenkoms vir die Chemikalieënywerheid (Kaap) gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 72 van 19 Januarie 1962, waar sodanige werksaamhede uitgeoefen word deur werkgewers en werknemers in die gebiede gespesifiseer in voornoemde Goewermentskennisgewing;

„chemitegnikus" 'n werknemer, uitgesonderd 'n apteker of 'n apteker en drogis, wat chemiese werk verrig;

„chemitegnikus, gekwalifiseer," 'n chemitegnikus met minstens ses jaar ondervinding;

„chemitegnikus, ongekwalifiseer," 'n chemitegnikus met minder as ses jaar ondervinding;

„chemiese werk"—

(*a*) die waarneem van chemiese manipulasies;

(*b*) die opstel of aanpassing van die formules van stowwe;

(*c*) die analitiese beheer van die chemiese verwerking van grondstowwe of klaargemaakte of gedeeltelik klaargemaakte produkte;

„apteker" 'n werknemer, uitgesonderd 'n apteker en drogis wat 'n graad in skeikunde of 'n gelykstaande diploma besit en wat daarbenewens minstens drie jaar ondervinding het in chemiese werk en dit verrig;

„apteker en drogis" 'n werknemer wat kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928, as 'n apteker en drogis geregistreer is en wat chemiese werk verrig;

„klerk" 'n werknemer wat skryf, tik-, liasseer- of enige ander soort klerklike werk verrig en omvat dit ook 'n kassier, pakhuisbediende, versendingsklerk en 'n telefonis, maar geen ander klas werknemer wat elders in hierdie klousule omskryf word nie, al maak klerklike werk ook deel van so 'n werknemer se werk uit;

„klerk, vrou, gekwalifiseer," 'n vroulike klerk met minstens vier jaar ondervinding;

„klerk, vrou, ongekwalifiseer," 'n vroulike klerk met minder as vier jaar ondervinding;

„klerk, man, gekwalifiseer," 'n manlike klerk met minstens vyf jaar ondervinding;

„klerk, man, ongekwalifiseer," 'n manlike klerk met minder as vyf jaar ondervinding;

„kleurvergelyker" 'n werknemer wat betrokke is by en verantwoordelik is vir die toevoeging van kleure tot gemengde verf om vooraf bepaalde skakerings te verkry;

„kleurvergelyker, gekwalifiseer," 'n kleurvermenger met minstens drie jaar ondervinding;

„kleurvergelyker, ongekwalifiseer," 'n kleurvermenger met minder as drie jaar ondervinding;

„kommissiewerk" 'n stelsel waarvolgens 'n handelsreisiger se besoldiging bereken word op die getal of waarde van die bestellings wat hy aan sy werkgewer voorlê en wat laasgenoemde aanvaar;

„deurlopende proses-werker" 'n werknemer wat 'n werksaamheid verrig waarby deurlopende werk by wyse van drie agtereenvolgende skofte per dag op sewe dae per week nodig is;

„dag" die tydperk van vier-en-twintig uur vanaf middernag tot middernag: Met dien verstande dat in die geval van 'n deurlopende proses-werker of 'n skofwerker dit 'n tydperk van vier-en-twintig uur beteken, gereken vanaf die tydstip waarop so 'n werknemer gewoonlik begin werk;

„versendingsklerk" 'n werknemer wat verantwoordelik vir die versending of verpakking van goedere vir vervoer of of aflewering, en wat toesig oor die byeenbring, nagaan, weeg, verpakking, adresseer of versending van sodanige goedere of pakkies mag hou;

(*b*) toilet preparations, cosmetics, perfumes or scents;

(*c*) baking powder, constituents of baking powder, yeast starch (including processed starch), gelatine, flavourings, essences, colouring matter for foodstuffs or vinegar;

(*d*) paints, pigments, distempers, lacquers, varnishes, finishers, bottom fillers, waxes, polishes, putty, thinners, enamels, dubbin or printing ink;

(*e*) office paste, gum or writing ink;

(*f*) industrial alcohol, rectified or absolute alcohol, methylated spirits, benzine, ether or ammonia;

(*g*) adhesives (excluding rubber solution) or sealing compounds;

(*h*) any automotive chemicals;

and includes—

(i) delivery, distribution or sale from any premises whatsoever of any one or more of the products mentioned in paragraphs (*a*) to (*h*) above, if such delivery, distribution or sale is carried on by the same employer who prepared, manufactured, bottled, wrapped or packed such products;

(ii) all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities;

but does not include the activities specified in the definition of "Chemical Industry" as contained in the Industrial Council Agreement for the Chemical Industry (Cape), published under Government Notice No. 72 of the 19th January, 1962, where such activities are carried on by employers and employees in the areas specified in the aforementioned Government Notice;

"chemical technician" means an employee, other than a chemist or a chemist and druggist, who is engaged in chemical work;

"chemical technician, qualified," means a chemical technician who has had not less than six years' experience;

"chemical technician, unqualified," means a chemical technician who has had less than six years' experience;

"chemical work" means—

(*a*) the performance of chemical manipulations;

(*b*) the divising or adjusting of the formulae of substances;

(*c*) the analytical control of the chemical processing of raw materials or finished or partly finished products;

"chemist" means an employee, other than a chemist and druggist, who is the holder of a degree in chemistry or an equivalent diploma, and who, in addition, has had not less than three years' experience in and is engaged in chemical work;

"chemist and druggist" means an employee who is registered as a chemist and druggist under the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928, and who is engaged in chemical work;

"clerk" means an employee who is engaged in writing, typing, filing or in any other form of clerical work and includes a cashier, storeman, despatch clerk and a telephone switchboard operator, but does not include any other class of employee elsewhere defined in this clause notwithstanding the fact that clerical work may form a portion of such employee's work;

"clerk, female, qualified," means a female clerk who has had not less than four years' experience;

"clerk, female, unqualified," means a female clerk who has had less than four years' experience;

"clerk, male, qualified," means a male clerk who has had not less than five years' experience;

"clerk, male, unqualified," means a male clerk who has had less than five years' experience;

"colour matcher" means an employee who is engaged in, and responsible for, the adding of colours to mixed paint to obtain pre-determined shades;

"colour matcher, qualified," means a colour matcher who has had not less than three years' experience;

"colour matcher, unqualified," means a colour matcher who has had less than three years' experience;

"commission work" means any system under which a traveller's remuneration is based on the value or number of orders submitted by him to, and accepted by, his employer;

"continuous process worker" means an employee who is engaged in an activity in which continuous working by means of three consecutive shifts per day on seven days per week is necessary;

"day" means the period of twenty-four hours from midnight to midnight: Provided that in the case of a continuous process worker or a shift worker it shall mean a period of twenty-four hours reckoned from the time such an employee normally commences work;

"despatch clerk" means an employee who is responsible for the despatch or the packing of goods for transport or delivery and who may supervise the assembling, checking, weighing, packing, marking, addressing or despatching of such goods or packages;

„motorvoertuigbestuurder" 'n werknemer wat 'n motorvoertuig bestuur, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking „'n motorvoertuig bestuur" alle tyd wat hy vir bestuur gebruik, alle tyd wat die bestuurder aan werk in verband met die voertuig of die vrag bestee en alle tyd wat hy verplig is om op sy pos gereed te bly vir bestuur;

„noodwerk"—

(1) alle werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos 'n brand, storm, ongeluk, epidemie, gewelddaad, diefstal of 'n onklaarraking van installasie of masjinerie sonder versuim gedoen moet word;

(2) alle werk in verband met die laai of aflaai van—

(i) trokke of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens; of

(ii) voertuie wat gebruik word deur 'n vervoerkontrakteur in die nakoming van sy kontrak as sodanig met die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens; of

(3) alle werk in verband met die skoonmaak, opknapping of herstel van installasie of masjinerie wat nie gedurende gewone werkure verrig kan word nie;

„masjienkamerwerker" 'n werknemer wat onder die toesig van 'n ambagsman, voorman of skofman 'n strooppomp of of 'n waspomp aansit of stopsit en wat dryfbande kan verstel of vervang;

„bedryfsinrigting" 'n perseel waarin of in verband waarmee een of meer werknemers in die Chemiese en Verwante Produkte-nywerheid in diens is;

„ondervinding"—

(1) in verband met 'n chemitegnikus of 'n apteker, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer in chemiese werk in diens was;

(2) in verband met 'n klerk, 'n fabrieksklerk, 'n bediener van 'n mobiele hystoestel, 'n winkelassistent of 'n handelsreisiger, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer in diens was in enige bedryf of in die diens van die Staat onderskeidelik as 'n klerk, 'n fabrieksklerk, 'n bediener van 'n mobiele hystoestel, 'n winkelassistent of 'n handelsreisiger;

(3) met betrekking tot enige ander klas werknemer, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer in sy klas in die Chemiese en Verwante Produkte-nywerheid in diens was;

„fabrieksklerk" 'n werknemer wat onder die toesig van 'n voorman of 'n gekwalifiseerde manlike klerk enigeen of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(1) Nagaan- of optekenwerk;

(2) met die hand afskrifte van lotkaarte, werkkaarte, produksiekaarte of ander fabrieksdokumente maak;

(3) name of getalle op tyd- of loonkaarte inskryf;

(4) fakture, vrag- of afleweringsbriewe, rekwisisies of tyd- of loonkaarte in numeriese of alfabetiese volgorde liasseer, byhou of sorteer;

(5) uit Bantoetale tolk of daaruit vertaal;

(6) passe, dienssertifikate of tydkaarte uitreik;

(7) gereedskap of ingenieursvoorraad of -uitrusting op rekwisisie uitreik, of gereedskap of sodanige voorraad of uitrusting ontvang, en rekwisisies wat gehou word, terugbesorg;

(8) monsterstrokies uitmaak;

(9) die indiensneming, ontslag of bedanking van werknemers registreer;

(10) produksiesyfers inlys;

(11) kaartjies stempel of uitskryf;

(12) besonderhede van die inhoud van die uitkenningsnommers van kartonhouers, houers of pakkies neerskryf of aanteken;

(13) voorraadkaarte opskryf;

(14) vrag- of afleweringsbriewe of verpakkingstrokies uitskryf;

„fabriekskerk, gekwalifiseer," 'n fabriekskerk met minstens twaalf maande ondervinding;

„fabriekskerk, ongekwalifiseer," 'n fabriekskerk met minder as twaalf maande ondervinding;

„eerstehulpwerker" 'n werknemer wat 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in eerstehulp hou wat deur enigeen van die volgende organisasies uitgereik is:—

(*a*) Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga;

(*b*) The Red Cross Society of South Africa;

(*c*) The St. John Ambulance Association,

wat eerstehulp in 'n bedryfsinrigting verleen en wat besoeke van werknemers vir behandeling kan aanteken;

„voorman" 'n werknemer wat aan die hoof van die werknemers in 'n bedryfsinrigting staan, wat beheer oor sulke werknemers uitoefen en wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul pligte doeltreffend verrig;

"driver of a motor vehicle" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle, and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

"emergency work" means—

(1) any work which, owing to unforeseen circumstances, such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence, theft or a breakdown of plant or machinery, must be done without delay;

(2) any work connected with the loading or unloading of—

(i) trucks or vehicles of the South African Railways and Harbours; or

(ii) vehicles used by a cartage contractor in the fulfilment of his contract as such with the South African Railways and Harbours; or

(3) any work in connection with the cleaning, overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during ordinary working hours;

"engine room attendant" means an employee who, under the supervision of an artisan, foreman or shiftsman, starts or stops a treacle pump or a wash pump and who may adjust or replace belts;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the Chemical and Allied Products Industry;

"experience" means—

(1) in relation to a chemical technician or a chemist, the total period or periods of employment which an employee has had in chemical work;

(2) in relation to a clerk, a factory clerk, a mobile hoist operator, a shop assistant or a traveller, the total period or periods of employment which an employee has had in any trade or in the service of the State as a clerk, a factory clerk, a mobile hoist operator, a shop assistant or a traveller, respectively;

(3) in relation to any other class of employee, the total period or periods of employment which an employee has had in his class in the Chemical and Allied Products Industry;

"factory clerk" means an employee who under the supervision of a foreman or a qualified male clerk, is engaged in any one or more of the following operations:—

(1) Checking or recording;

(2) copying batch cards, job cards, production cards or other factory documents by hand;

(3) entering names or numbers on time or wage cards;

(4) filing, keeping or sorting invoices, consignment or delivery notes, requisitions or time or wage cards in numerical or alphabetical order;

(5) interpreting or translating Native languages;

(6) issuing passes, certificates of service or time cards;

(7) issuing tools or engineering stock or equipment against requisition or receiving tools or such stock or equipment and returning requisitions held;

(8) making out sample slips;

(9) registering the engagement, discharge or resignation of employees;

(10) scheduling production figures;

(11) stamping or writing tickets;

(12) writing or recording particulars of the contents or the distinctive numbers of cartons, containers or packages;

(13) writing up stock cards;

(14) writing out consignment or delivery notes or packing slips;

"factory clerk, qualified," means a factory clerk who has had not less than twelve months' experience;

"factory clerk, unqualified," means a factory clerk who has had less than twelve months' experience;

"first-aid attendant" means an employee who holds a current certificate of competency in first-aid issued by any of the following organisations:—

(*a*) Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga;

(*b*) The Red Cross Society of South Africa;

(*c*) The St. John Ambulance Association,

who is engaged in rendering first-aid in an establishment and who may record employee attendances for treatment;

"foreman" means an employee who is in charge of the employees in an establishment, who exercises control over such employees and who is responsible for the efficient performance by them of their duties;

„werknemer graad I" 'n werknemer wat enigeen of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(1) Bestellings van afleweringsbriewe opmaak;
(2) goedere in diverse lotte uittel;
(3) drukwerk op etikette of op bottels of ander houers met 'n masjien doen;
(4) etikette of ander drukwerk druk;
(5) houtvate herstel of bokante of onderkante vir sulke vate maak;
(6) etikette vir produkte tik of uitskryf;
(7) rubber- of ander stempels gebruik waarby oordeel gebruik moet word;
(8) etikette of adresse op houers skryf vir versending;

en omvat 'n werknemer wat nie andersins uitdruklik in klousule 3 (1) gemeld word nie;

„werknemer graad I, gekwalifiseer," 'n werknemer graad I met minstens agtien maande ondervinding;

„werknemer graad I, ongekwalifiseer," 'n werknemer graad I met minder as agtien maande ondervinding;

„werknemer graad II" 'n werknemer in diens in enigeen of meer meer van die volgende hoedanighede of wat enigeen of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(1) Stoomkleppe op 'n voorafbepaalde druk instel;
(2) kroondoppies, kurkproppe of afsluiters vir bottels of ander houers bymekaarmaak;
(3) 'n ambagsman, faktotum of onderhoudman help deur artikels of gereedskap vas te hou of andersins met hom saam te werk, uitgesonderd by wyse van die self-standige gebruik van gereedskap;
(4) stoomketelbediener;
(5) onderbaas;
(6) goedere in ewe groot lotte uittel;
(7) kroondoppies of houers vasklem of verseël of houers vaslym voordat dit van 'n kroondoppie voorsien word;
(8) dierlike vetsoorte of vleis of kruie vir verpakking sny;
(9) blokkies of vierkantjies van produkte na grootte sny;
(10) sjablone met die hand of met 'n masjien sny of bou;
(11) huide of velle met 'n masjien sny;
(12) goedere, briewe, boodskappe of pakkette te voet of deur middel van 'n nie-kragaangedrewe voertuig aflewer of afhaal;
(13) kroondoppies of houers uit gietvorms losmaak;
(14) gietvorms in verhitte materiaal indompel vir die vorming van houers of kroondoppies;
(15) gis op 'n rollerdroogapparaat droogmaak;
(16) masjienkamerwerker;
(17) pos in koeverte in sit of drukwerk vou;
(18) bottels of ander houers op vervoerbande voer;
(19) houers aan vul- of etiketteermasjiene voer;
(20) materiale met die hand in vul-, maal-, meng-, raffineer-, of tabletmasjiene voer of sif;
(21) etikette in vaslymmasjiene voer;
(22) bottels, blikke of ander houers met die hand of met 'n masjien vul of etiketteer;
(23) masjiene smeer of olie, uitgesonderd motorvoertuie;
(24) sakke met 'n nie-kragaangedrewe masjien deur middel van hitte verseël;
(25) metaalspoele in voorafgesnyde gipsrolle insit;
(26) sneespapier of watte in bottels of houers insit;
(27) met 'n gestelde maat meet of met 'n gestelde skaal weeg;
(28) bale, kiste, kartonhouers, konkas of ander pakkies merk;
(29) kaseïen met die hand of met 'n masjien meng, maal of sif;
(30) filterperse oop- of toemaak of filterdoeke verwyder of vervang;
(31) bale, bottels, kiste, konkas, blikke of ander houers met 'n masjien oop- of toemaak;
(32) 'n kantoorkopieermasjien bedien;
(33) 'n kragaangedrewe hystoestel of hyser bedien;
(34) 'n perforeer- of kodeermasjien bedien;
(35) gemengde artikels in houers verpak vir versending;
(36) skyfies bo-op roomsoorte of ander klaargemaakte produkte plaas voordat dit verseël word;
(37) blokke materiaal of produkte met 'n nie-kragaangedrewe masjien uitdruk;
(38) met die hand soldeer;
(39) bottels, glasbuise of rubberproppe sorteer;
(40) verf of houers of toetspanele tol of spuit;
(41) monsters aan reklameware vaskram;
(42) pompe aansit of stopsit;
(43) dose of kartonhouers met die hand of 'n masjien vaswerk of vaskram;
(44) digtheid met 'n hidrometer toets;
(45) viskoseringe afwerk;
(46) wag;
(47) adresse op sakke skryf;

„faktotum" 'n werknemer wat minder belangrike herstelwerk of verstellings aan masjinerie aan uitrusting doen, uitgesonderd masjinerie of uitrusting wat regstreeks by die vervaardiging van die produkte van 'n bedryfsinrigting gebruik word, en wat minder belangrike herstel- of opknappingswerk aan geboue kan verrig;

"grade I employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following operations:—

(1) Assembling orders from delivery notes;
(2) counting goods into miscellaneous lots;
(3) printing on labels or on bottles or other containers by machine;
(4) printing labels or other printed matter;
(5) repairing wooden casks or making tops or bottoms for such casks;
(6) typing or writing labels for products;
(7) using rubber or other stamps where discretion is involved;
(8) writing labels or addresses on containers for despatch;

and includes an employee not specifically otherwise mentioned in clause 3 (1);

"grade I employee, qualified," means a grade I employee who has had not less than eighteen months' experience;

"grade I employee, unqualified," means a grade I employee who has had less than eighteen months' experience;

"grade II employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations:—

(1) Adjusting steam valves to pre-determined pressure;
(2) assembling caps, corks or stoppers for bottles or other containers;
(3) assisting an artisan, handyman or maintenance man by holding articles or tools or otherwise working with him, other than by the independent use of tools;
(4) boiler attendant;
(5) chargehand;
(6) counting goods into uniform lots;
(7) crimping or sealing caps or containers or glueing containers preparatory to capping;
(8) cutting animal fats or flesh or herbs for packing;
(9) cutting blocks or cubes of products to size;
(10) cutting or building stencils by hand or machine;
(11) cutting hides or skins by machine;
(12) delivering or collecting goods, letters, messages or parcels on foot or by means of a non-power-driven vehicle;
(13) detaching caps or containers from moulds;
(14) dipping moulds into heated material for forming containers or caps;
(15) drying yeast on a roller drier;
(16) engine room attendant;
(17) enveloping mail or folding printed matter;
(18) feeding bottles or other containers onto conveyor belts;
(19) feeding containers into filling or labelling machines;
(20) feeding or sieving materials by hand into filling, grinding, mixing, refining or tablet machines;
(21) feeding labels into gumming machines;
(22) filling or labelling bottles, tins or other containers by hand or machine;
(23) greasing or oiling machines, other than motor vehicles;
(24) heat sealing of bags by non-power-driven machine;
(25) inserting metal spools into pre-cut plaster rolls;
(26) inserting tissue paper or cotton wool into bottles or containers;
(27) measuring to set measure or weighing to set scale;
(28) marking bales, boxes, cartons, drums or other packages;
(29) mixing, grinding or sieving casein by hand or machine;
(30) opening or closing filter presses or removing or replacing filter cloths;
(31) opening or closing bales, bottles, boxes, drums, tins or other containers by machine;
(32) operating an office duplicating machine;
(33) operating a power-driven hoist or lift;
(34) operating a perforating or coding machine;
(35) packing mixed articles into containers for despatch;
(36) placing discs on top of creams or other finished products before closing;
(37) pressing out blocks of material or products by non-power-driven machine;
(38) soldering by hand;
(39) sorting bottles, glass tubes or rubber stoppers;
(40) spinning or spraying paint on to containers or test panels;
(41) stapling samples to advertising matter;
(42) starting or stopping pumps;
(43) stitching or stapling boxes or cartons by hand or machine;
(44) testing density by hydrometer;
(45) trimming viscose rings;
(46) watchman;
(47) writing addresses on bags;

"handyman" means an employee who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery or equipment, other than machinery or equipment directly used in the manufacture of the products of an establishment, and who may effect minor repairs or renovations to buildings;

„laboratoriumassistent" 'n werknemer wat onder die toesig van 'n apteker, 'n apteker en drogis of 'n chemitegnikus betrokke is by—

(1) die waarneem van roetinetoetse van grondstowwe of klaargemaakte of gedeeltelik klaargemaakte produkte;
(2) die bereiding van laboratoriummonsters volgens formules;

„laboratoriumassistent, gekwalifiseer," 'n laboratoriumassistent met minstens twee jaar ondervinding;

„laboratoriumassistent, ongekwalifiseer," 'n laboratoriumassistent met minder as twee jaar ondervinding;

„arbeider" 'n werknemer wat enigeen of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(1) Identifikasieskyfies op gevulde houers vassit, waar daar geen oordeel gebruik hoef te word nie;
(2) met die hand lym aan etikette aansit;
(3) houtkiste met die hand uit voorafgesnyde materiaal inmekaarsit;
(4) op afleweringsvoertuie help, uitgesonderd die bestuur daarvan of herstelwerk daaraan;
(5) afval in bale opmaak;
(6) bale, kiste of ander houers met die hand vasbind of bande daarom sit;
(7) brandmerk, stempel- of sjabloneerwerk, of onbeskrewe of klaar geadresseerde etikette aan bale, kiste, konkas of ander pakkies of houers vir vervoer of aflewering vassit, waar daar in al die gevalle geen oordeel geverg word nie;
(8) goedere of artikels met die hand of nie-kragaangedrewe voertuig dra, oplig, verskuif, uitpak of opstapel;
(9) persele of houers, meubels, masjinerie, gereedskap, gerei, filterpersdoeke of ander artikels skoonmaak of was;
(10) karton of ander materiaal met die hand of nie-kragaangedrewe masjien sny;
(11) sakke, bottels, vate, blikke of ander houers met die hand leegmaak;
(12) huide of velle op vervoerbande voer;
(13) materiale met die hand in elevators, vultregters, tenks, vate, bedekkingspanne of ander houers voer of sif;
(14) vultregters met die hand vul;
(15) tuinwerk, d.w.s. plant, spit, hark, grassny, onkruid uithaal, natgooi, heinings snoei of tuinmaakmateriale sprei of meng;
(16) met die hand laai of aflaai;
(17) vure maak of stook of afval of beskadigde materiale verbrand, of steenkool met skopgrawe in vultregters gooi;
(18) tee of dergelike dranke vir werknemers maak;
(19) materiale met die hand meng;
(20) deure oop- of toemaak;
(21) sakke, bale, bottels, kiste, konkas, blikke of ander houers met die hand oop- of toemaak;
(22) kleppe of krane onder toesig oop- of toemaak;
(23) 'n nie-kragaangedrewe pomp of hystoestel bedien;
(24) artikels wat ewe groot is en van dieselfde getal in houers verpak wat spesiaal ontwerp is om sulke artikels te bevat, of artikels in houers pak wat deel van die artikels uitmaak;
(25) houers met die hand verf;
(26) bene of ander vreemde stof uit velle of huide verwyder;
(27) 'n voertuig stoot of trek, uitgesonderd met 'n kragtoestel;
(28) afval of as verwyder;
(29) klaargemaakte karton- of veselborddose of dergelike houers met die hand opstel of sulke dose of houers vir hergebruik uitmekaarhaal;
(30) met die hand materiale met 'n skopgraaf hanteer of omkeer;
(31) houers vaskram wat enkelmonsters bevat;
(32) bestanddele met die hand roer;
(33) rubber- of ander stempels gebruik waar daar geen oordeel vereis word nie;
(34) monsters toedraai of verpak;

„onderhoudman" 'n werknemer, uitgesonderd 'n ambagsman, wat minder belangrike herstel- of verstelwerk aan masjinerie of uitrusting doen wat regstreeks by die vervaardiging van die produkte van 'n bedryfsinrigting gebruik word;

„bestuurder" 'n werknemer wat deur sy werkgewer belas word met die algemene—

(*a*) toesig oor,
(*b*) verantwoordelikheid vir, en
(*c*) leiding van,

die werksaamhede van 'n bedryfsinrigting en die werknemers daarin werksaam;

„militêre opleiding" die ononderbroke opleiding wat 'n werknemer ingevolge artikel *een-en-twintig* (1), gelees met subartikels (1) en (2) van artikel *twee-en-twintig* van die Verdedigingswet, 1957, verplig is om te ondergaan, maar dit omvat nie opleiding wat hy kragtens artikel *drie-en-twintig* van genoemde Wet mag verkies om te ondergaan of ander opleiding of diens waarvoor hy hom vrywillig aanbied of wat hy verkies om te ondergaan nie;

"laboratory assistant" means an employee who, under the supervision of a chemist, a chemist and druggist or a chemical technician, is engaged in—

(1) making routine tests of raw materials or finished or partly finished products;
(2) preparing laboratory samples according to formulae;

"laboratory assistant, qualified," means a laboratory assistant who has had not less than two years' experience;

"laboratory assistant, unqualified," means a laboratory assistant who has had less than two years' experience;

"labourer" means an employee who is engaged in any one or more of the following operations:—

(1) Affixing identification discs on filled containers where no discretion is involved;
(2) applying gum to labels by hand;
(3) assembling wooden boxes from pre-cut material by hand;
(4) assisting on delivery vehicles, other than driving or effecting repairs;
(5) baling scrap;
(6) binding or strapping bales, boxes or other containers by hand;
(7) branding, stamping or stencilling, or affixing blank or ready-addressed labels to, bales, boxes, drums or other packages or containers for transport or delivery, all where no discretion is involved;
(8) carrying, lifting, moving, unpacking or stacking goods or articles by hand or non-power-driven vehicle;
(9) cleaning or washing premises or containers, furniture, machinery, tools, utensils, filter press cloths or other articles;
(10) cutting cardboard or other material by hand or non-power-driven machine;
(11) emptying bags, bottles, casks, tins or other containers by hand;
(12) feeding hides or skins onto conveyor belts;
(13) feeding or sieving materials by hand into elevators, hoppers, tanks, vats, coating pans or other vessels;
(14) filling hoppers by hand;
(15) gardening work, i.e., planting, digging, raking, mowing, weeding, watering, trimming hedges or spreading or mixing gardening materials;
(16) loading or unloading by hand;
(17) making or maintaining fires or burning waste or damaged materials; or shovelling coal into hoppers;
(18) making tea or similar beverages for employees;
(19) mixing materials by hand;
(20) opening or closing doors;
(21) opening or closing bags, bales, bottles, boxes, drums, tins or other containers by hand;
(22) opening or closing valves or cocks, under supervision;
(23) operating a non-power-driven pump or hoist;
(24) packing articles of uniform size and number into containers specially designed to contain such articles or articles into containers which are part of the get-up of the articles;
(25) painting containers by hand;
(26) picking out bones or other foreign matter from skins or hides;
(27) pushing or pulling any vehicle, other than by power-driven device;
(28) removing refuse or ashes;
(29) setting up by hand ready-made cardboard or fibre board boxes or similar containers or dismantling such boxes or containers for re-use;
(30) shovelling or turning over materials by hand;
(31) stapling containers containing single set samples;
(32) stirring ingredients by hand;
(33) using rubber or other stamps where no discretion is involved;
(34) wrapping or packing samples;

"maintenance man" means an employee, other than an artisan, who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery or equipment used directly in the manufacture of the products of an establishment;

"manager" means an employee who is charged by his employer with the overall—

(*a*) supervision over,
(*b*) responsibility for, and
(*c*) directing of,

the activities of an establishment and the employees engaged therein;

"military training" means the continuous training which an employee is required to undergo in terms of section *twenty-one*, read with sub-sections (1) and (2) of section *twenty-two*, of the Defence Act, 1957, but does not include any training he may elect to undergo in terms of section *twenty-three* of the said Act nor any other training or service for which he volunteers or which he elects to undergo;

„bediener van 'n hystoestel" 'n werknemer wat 'n mobiele kragaangedrewe voertuig bedien wat gebruik word by die laai, aflaai, verskuiwing of opstapeling van goedere in 'n bedryfsinrigting, en omvat die drywer van 'n industriële trekker wat een of meer sleepwaens binne 'n bedryfsinrigting sleep;

„bediener van 'n mobiele hystoestel, gekwalifiseer," 'n bediener van 'n mobiele hystoestel met minstens drie maande ondervinding;

„bediener van 'n mobiele hystoestel, ongekwalifiseer," 'n bediener van 'n mobiele hystoestel met minder as drie maande ondervinding;

„motorvoertuig" 'n kragaangedrewe voertuig wat gebruik word vir die vervoer van goedere, uitgesonderd 'n handelsreisiger se monsters, en omvat 'n voorhaker en 'n trekker maar nie 'n voertuig wat uitsluitlik binne 'n bedryfsinrigting gebruik word nie;

„verfmaker" 'n werknemer wat verantwoordelik is vir of beheer het oor die werknemers betrokke by die weeg, meng en maal van verfmateriaal volgens vaste standaarde, maar wat geen chemiese werk verrig nie;

„verfmaker, gekwalifiseer," 'n verfmaker met minstens drie jaar ondervinding;

„verfmaker, ongekwalifiseer," 'n verfmaker met minder as drie jaar ondervinding;

„stukwerk" 'n stelsel waarvolgens 'n werknemer se besoldiging op die hoeveelheid gedane werk gebasseer word;

„pilmaker" 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die hele produksieproses, uitgesonderd die voorskryf van die chemiese formule, van pille of tablette in 'n bedryfsinrigting;

„pilmaker, gekwalifiseer," 'n pilmaker met minstens drie jaar ondervinding;

„pilmaker, ongekwalifiseer," 'n pilmaker met minder as drie jaar ondervinding;

„senior bestuurs-, professionele of administratiewe werknemer" 'n werknemer wat deur die werkgewer belas is met werk wat die verantwoordelikheid meebring om by die uitvoering van die bedryfsinrigting se werksaamhede besluite van professionele of administratiewe aard te neem;

„skofman" 'n werknemer wat, in 'n bedryfsinrigting waarin drie agtereenvolgende skofte per dag gewerk word, in beheer is van die werknemers op 'n skof en daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul werk doeltreffend verrig;

„skofwerker" 'n werknemer wat skofwerk verrig in 'n bedryfsinrigting waarin drie agtereenvolgende skofte per dag op vyf of ses dae per week gewerk word;

„winkelassistent" 'n werknemer wat enigeen of meer van die volgende pligte verrig:—

(*a*) Klante in 'n bedryfsinrigting bedien;
(*b*) goedere uitstal;
(*c*) voorraad vir verkoop, hou en beheer;
(*d*) bestellings opmaak;

en omvat 'n demonstreerder, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing beteken die uitdrukking „bestellings opmaak" die bymekaarbring van goedere—

(i) deur 'n werknemer wat klante se bestellings in enige deel van 'n bedryfsinrigting waartoe klante gewoonlik toegang het, uitvoer of
(ii) elders as in 'n deel van 'n bedryfsinrigting in (i) genoem, waar dit oordeel in die uitsoek van die goedere volgens gehalte of die klant se beskrywing verg;

„winkelassistent, vrou, gekwalifiseer," 'n vroulike winkelassistent met minstens vier jaar ondervinding;

„winkelassistent, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike winkelassistent met minder as vier jaar ondervinding;

„winkelassistent, man, gekwalifiseer," 'n manlike winkelassistent met minstens vyf jaar ondervinding;

„winkelassistent, man, ongekwalifiseer," 'n manlike winkelassistent met minder as vyf jaar ondervinding;

„korttyd" 'n tydelike vermindering van die getal gewone werkure weens 'n bedryfslapte, tekort aan grondstowwe, algemene onklaarraking van installasie of masjinerie of 'n werklike onklaarraking of dreigende onklaarraking van geboue;

„pakhuisbediende" 'n werknemer wat die algemene toesig het oor voorrade inkomende goedere of klaargemaakte of gedeeltelik klaargemaakte produkte en wat verantwoordelik is vir die ontvang, opberging, verpakking of uitpak van goedere in 'n pakhuis of skuur of die aflewering van goedere uit 'n pakhuis of skuur aan die verbruiksafdelings in 'n bedryfsinrigting, of vir versending;

„spanopsigter" 'n werknemer wat aan die hoof van 'n groep werknemers graad I of werknemers graad II staan en wat daarbenewens in beheer van arbeiders kan wees en wat rekords van die produksie van die werknemers onder sy toesig kan byhou;

„sleepwa" 'n vervoermiddel wat deur 'n motorvoertuig getrek word;

„handelsreisiger" 'n werknemer wat, as 'n reisende verteenwoordiger van 'n bedryfsinrigting en namens sodanige bedryfsinrigting bestellings vra, werf of aanvra;

„handelsreisiger, gekwalifiseer," 'n handelsreisiger met minstens vier jaar ondervinding;

„handelsreisiger, ongekwalifiseer," 'n handelsreisiger met minder as vier jaar ondervinding;

"mobile hoist operator" means an employee who is engaged in operating a mobile power-driven vehicle used in the loading, unloading, moving or stacking of goods in an establishment and includes the driver of an industrial tractor towing one or more trailers within an establishment;

"mobile hoist operator, qualified," means a mobile hoist operator who has had not less than three months' experience;

"mobile hoist operator, unqualified," means a mobile hoist operator who has had less than three months' experience;

"motor vehicle" means any power-driven vehicle used for conveying goods, other than traveller's samples, and includes a mechanical horse and a tractor but does not include any vehicle used exclusively within an establishment;

"paint maker" means an employee who is responsible for, or in charge of the employees engaged in, the weighing, mixing and grinding of paint materials to set standards but who does not do chemical work;

"paint maker, qualified," means a paint maker who has had not less than three years' experience;

"paint maker, unqualified," means a paint maker who has had less than three years' experience;

"piece-work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity of work done;

"pill maker" means an employee who is responsible for the entire process of production, other than the prescription of the chemical formula, of pills or tablets in an establishment;

"pill maker, qualified," means a pill maker who has had not less than three years' experience;

"pill maker, unqualified," means a pill maker who has had less than three years' experience;

"senior managerial, professional or administrative employee" means an employee who is charged by the employer with the performance of work entailing responsibility for taking decisions of a professional or administrative character in the conduct of the activities of an establishment;

"shiftsman" means an employee who, in an establishment in which three consecutive shifts per day are worked, is in charge of the employees on a shift and responsible for the efficient performance by them of their duties;

"shift worker" means an employee who is engaged on shift work in an establishment in which three consecutive shifts per day on five or six days per week are worked;

"shop assistant" means an employee who is engaged in any one or more of the following duties:—

(*a*) Attending to customers in an establishment;
(*b*) displaying goods;
(*c*) keeping and controlling stock for sale;
(*d*) assembling orders,

and includes a demonstrator, and for the purpose of this definition the expression "assembling orders" means the bringing together of goods—

(i) by an employee engaged in executing customers' orders in any portion of an establishment to which customers normally have access, or
(ii) elsewhere than in any portion of an establishment referred to in (i) where this involves a discretions in the selection of the goods according to quality or the customer's description;

"shop assistant, female, qualified," means a female shop assistant who has had not less than four years' experience;

"shop assistant, female, unqualified," means a female shop assistant who has had less than four years' experience;

"shop assistant, male, qualified," means a male shop assistant who has had not less than five years' experience;

"shop assistant, male, unqualified," means a male shop assistant who has had less than five years' experience;

"short-time" means a temporary reduction in the number of ordinary hours of work owing to slackness of trade, shortage of raw materials, a general breakdown of plant or machinery or an actual breakdown or threatened breakdown of buildings;

